

<p><b>FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700</b></p> <p><b>Seminaar RS 2 – Voorgestelde antwoorde</b></p> <p><b>PH Ferreira</b></p>	<p><b>DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP</b></p>
---	--

## SEMINAAR 2

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 1

#### a. Handelsname

Die handelsname is duidelik 'n bate (per definisie) omdat:

- dit ontstaan het as gevolg van gebeure in die verlede (nl. Advertensies, diens, kwaliteit, ens.);
- dit 'n hulpbron is wat beheer word deur ASB (ASB kan die handelsname byvoorbeeld verkoop of verander);
- dit waarskynlik sal lei tot toekomstige ekonomiese invloei (by wyse van bierverkope).

Wat die erkenningskriteria betref, is daar geen probleem rakende die waarskynlikheid van die toekomstige ekonomiese voordele nie, maar die probleem ontstaan wanneer meetbaarheid ter sprake kom. Dit is feitlik onmoontlik om vas te stel wat die waarde van die handelsname in die toekoms sal wees.

Die probleem is dat die handelsname intern gegeneer word, met die gevolg dat die onkoste daarvan nie onderskei kan word van die koste om die besigheid as 'n geheel te ontwikkel nie. As dit die geval sou wees dat die handelsname aangekoop is in 'n armlengte transaksie, sou die waarde daarvan vasgestel kon word.

Die handelsname kan daarom nie gekapitaliseer word op die staat van finansiële posisie nie. [Verwys na IAS 38 later in die jaar]

#### b. Nadiensvoordele

Nadiens mediesefonds-bydraes voldoen aan die definisie van 'n las omdat dit:

- 'n huidige verpligting is [die feit dat die verpligting nie regtens afdwingbaar is nie, is irrelevant omdat die beleid lei tot 'n afgeleide verpligting];
- wat ontstaan uit gebeure in die verlede [naamlik die maatskappy se praktyk in die verlede asook die dienste deur werkers gelewer];
- wat na verwagting aanleiding sal gee tot die uitvloei van ekonomiese hulpbronne in die toekoms [naamlik die uitvloei van kontant wanneer die bydraes betaal word].

Die bedrae is meetbaar (hoewel dit aktuarieel bepaal sal moet word) en die uitvloei waarskynlik (die werkers sal beslis na aftrede aan die mediese fonds behoort) en daarom word daar aan die erkenningskriteria voldoen. 'n Las behoort dus erken te word.

**Nota: Die seminaar oor Werknemervoordele behandel die aangeleentheid in meer besonderhede.**

#### c. Faktoring van debiteure

Omdat die faktoreerder nie verhaalsreg het wanneer 'n debiteur oninbaar word nie, behoort die debiteure in geheel onderken te word. Die verskil tussen die drabedrag van R400 000 en die opbrengs van R360 000 behoort in wins of verlies erken te word, aangesien daar 'n afname in 'n bate plaasvind wat lei tot 'n afname in ekwiteit. Gevolglik ontstaan daar 'n uitgawe van R40 000. Verder, omdat faktoring sonder verhaalsreg plaasvind, bestaan daar geen aanspreeklikheid of voorwaardelike aanspreeklikheid teenoor die faktoreerder nie. Geen las hoef dus erken te word ten opsigte van die opbrengs wat ontvang is nie.

**Nota: Die seminaar oor Finansiële Instrumente behandel die aangeleentheid in meer besonderhede.**

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2

'n Item mag slegs as 'n bate of 'n las erken word indien dit voldoen aan die volgende twee maatstawwe:

- Dit moet waarskynlik wees dat enige toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die item na of uit die entiteit sal vloei.
- Die item moet 'n koste of waarde hê wat betroubaar gemeet kan word.

Ten einde as 'n bate erken te word, moet die item voldoen aan die definisie van 'n bate soos gedefinieer deur Die Konsepsuele Raamwerk:

- 'n Hulpbron;
- wat deur die entiteit beheer word;
- as gevolg van gebeurtenisse in die verlede; en
- waaruit toekomstige ekonomiese voordele na verwagting na die entiteit sal invloei.

Net so, ten einde as 'n las erken te word, moet die item voldoen aan die definisie van 'n las soos gedefinieer deur Die Konsepsuele Raamwerk:

- 'n Huidige verpligting;
- van 'n entiteit;
- wat uit vorige gebeurtenisse ontstaan het, en
- waarvan die vereffening na verwagting tot 'n uitvloei van hulpbronne uit die entiteit sal lei.

Bogenoemde is van toepassing op al die gedeeltes hieronder:

#### a. Advertensiekoste

Die voordele wat na die entiteit sal vloei as gevolg van die kostes wat aangegaan is, kan nie met enige sekerheid voorspel word nie. Die waarskynlikheid dat toekomstige ekonomiese voordele na die entiteit sal vloei, kan dus nie bepaal word nie. Gevolglik mag hierdie kostes nie gekapitaliseer word nie. [Daar moet ook aandag op gevestig word dat IAS 38.69(c) die kapitalisering van hierdie uitgawes verbied.]

b. **Voorsiening vir toekomstige rekonstruksiekoste**

Die voorsiening kan slegs geskep word indien daar 'n huidige verpligting bestaan (ongegag 'n wetlike of afgeleide verpligting). Slegs sodra die maatskappy onherroeplik tot die rekonstruksie verbind is (m.a.w. daar kan nie meer teruggedraai word nie), kan die voorsiening geskep word, aangesien dit slegs dan is wanneer die maatskappy 'n huidige verpligting het. Die maatskappy is onherroeplik verbind wanneer 'n geldige verwagting geskep is dat die plan wel uitgevoer sal word, deur te begin om die plan te implementeer, of die plan se hooftrekke bekend te maak aan diegene wat daardeur geraak word. Verwys ook na IAS 37.70 – .83.

c. **Navorsingskoste**

Dit is nie moontlik om met enige mate van sekerheid die voordele te voorspel wat na die entiteit sal vloei weens die navorsingskoste wat aangegaan is nie. Hierdie kostes mag dus nie gekapitaliseer word nie. IAS 38.54 vermeld verder ook spesifiek dat navorsingskoste as 'n uitgawe beskou moet word.

d. **Intern gegenereerde klandisiewaarde**

Hierdie kostes voldoen nie aan die definisie van 'n bate nie, omdat daar geen identifiseerbare hulpbronne deur die entiteit beheer word nie. Verder is dit nie moontlik om die kostes aangegaan te bepaal of die moontlike voordele met enige sekerheid te voorspel nie en daarom word daar nie voldoen aan die erkenningsmaatstawwe nie. Gevolglik kan 'n bate nie in die maatskappy se finansiële state erken word nie. IAS 38.48 vermeld spesifiek dat intern gegenereerde klandisiewaarde nie as 'n bate erken mag word nie.

e. **Gekoopte klandisiewaarde**

Gekoopte klandisiewaarde voldoen aan die definisie van 'n bate. Dit is moontlik om die koste van die gekoopte klandisiewaarde te meet, aangesien die kosprys van die besigheid bekend is en die billike waarde van die netto bates wat bekom is, betroubaar gemeet kan word. Daar word dus voldoen aan die erkenningsmaatstawwe en gevolglik kan 'n bate in die maatskappy se finansiële state erken word. Verwys ook na IFRS 3 in dié verband.

f. **Vooruitontvangde inkomste**

Hier bestaan twee moontlikhede:

1. Die bedrag moet terugbetaal word indien die diens nie gelewer word nie  
  
In hierdie geval moet die bedrag as 'n las hanteer word, aangesien daar voldoen word aan die definisie van 'n las asook aan die erkenningsmaatstawwe.
2. Die bedrag is nie terugbetaalbaar nie  
  
Indien daar streng by Die Konsepsuele Raamwerk gehou word, moet inkomste wat vooruit ontvang is en nie terugbetaalbaar is nie, erken

word as inkomste in die jaar wat dit ontstaan, aangesien dit nie voldoen aan die definisie van 'n las nie, omdat die entiteit geen verpligting het nie. Die opstellers van die standaard het egter besef dat dit nie tot redelike aanbieding van die entiteit se prestasie sal lei nie, en gevolglik bepaal IAS 18 dat hierdie bedrag uitgestel moet word. Dit word bereik deur die stadium-van-voltooiing-metode toe te pas op inkomste uit dienslewering.

g. **Voorsiening vir toekomstige instandhouding**

Toekomstige onderhoudskoste verteenwoordig nie 'n las nie, aangesien die entiteit geen huidige verpligting het nie. 'n Voorsiening kan dus nie geskep word nie. Indien hierdie uitgawes egter elke twee jaar in wins of verlies erken word wanneer dit aangegaan word, word 'n redelike weergawe nie bereik nie, omdat voordele uit hierdie onkoste jaarliks voortspruit. IAS 16.43 poog om hierdie probleem te oorkom deur te bepaal dat die verskillende weselike (groot) komponente van aanleg en toerusting gedeprimeer word oor hul onderskeie nutsdure. Daarom behoort onderhoudskoste beskou te word as 'n afsonderlike komponent en afgeskryf te word oor 'n tweejaar- tydperk. Sien ook IAS 16.14 rakende weselike (groot) inspeksiekoste.

h. **Voorsiening vir waarborge**

Die koste van die herstel of vervanging van alle items wat vervaardigingsdefekte toon, kan nie vermy word nie. Dit verteenwoordig 'n huidige verpligting. Solank 'n redelike raming van die verpligting gemaak kan word, moet 'n voorsiening erken word. Die raming kan byvoorbeeld op vorige ondervinding gegrond word. Met betrekking tot die huidige jaar se verkope, is die verpligting wat op verslagdoeningsdatum erken word, gelyk aan die koste om items te herstel waarvan daar reeds kennis geneem is van defekte, maar wat nog nie verwerk is nie, plus 'n raming van koste met betrekking tot ander verkoopte items waarvoor daar voldoende bewyse is dat vervaardigingsdefekte sal ontstaan binne die oorblywende waarborgtydperke. Verwys ook na IAS 37 in dié verband.

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3**

Een van die grondliggende veronderstellings is dat finansiële state volgens die rekeningkundige toevallingsgrondslag opgestel word. Hiervolgens word die uitwerking van transaksies en ander gebeurtenisse erken wanneer hulle plaasvind. Die erkenning van verliese voordat dit gelyk word, is dus teenstrydig met hierdie beginsel.

Toekomstige verliese val nie binne die definisie van uitgawes nie. Die afname in ekonomiese voordele in die vorm van die uitvloei van bates of toename in laste kan nie erken word voordat die verlies gelyk is nie, aangesien beide definisies van bates en laste na gebeurtenisse in die verlede verwys.

IAS 37.63 noem pertinent dat voorsienings nie vir toekomstige bedryfsverliese erken behoort te word nie.

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4**

The instrument issued on 1 July 2008 is a convertible cumulative preference share bearing compulsory dividends.

Since the recognition criteria have been satisfied, one need only determine what element of the financial statements it represents (1) in terms of the Conceptual Framework.

The compulsory preference dividends represent a present obligation of the entity (compulsory dividends have to be paid), (1) as a result of a past event (the shares were issued on 1 July 2008) (1) that would give rise to an outflow of economic benefits (dividends will be paid to parties outside Met Ltd) (1) – this indicates that the dividend portion of the compulsory cumulative convertible preference shares is a liability in terms of the Conceptual Framework. (1)

In addition to the compulsory cumulative preference dividends, the instrument also contains a compulsory conversion feature that would force the entity to convert the preference shares to ordinary shares on 30 June 2012. (1)

This represents equity in respect of this instrument, as it is the residual interest of the assets received by the entity after deduction all its associated liabilities (1). The entity received cash when the preference shares were issued (½) and this should be reduced by the liability component associated with the compulsory, cumulative dividend payments (1). The remainder, a residual, is therefore equity. (½).

At initial recognition the entity should therefore split the proceeds received between a liability component in respect of the compulsory preference dividend and an equity component of the rest. (1)

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 5**

IAS/ IFRS: Entiteite behoort aan die IAS'e/ IFRS'e te voldoen indien hulle finansiële state verklaar dat dit in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards voorberei is.

SIC/ IFRIC: Hierdie Vertolkings het dieselfde gesag as die International Financial Reporting Standards en behoort met die verbandhoudende standpunt saamgelees te word.

AC 500-reeks: Hierdie Standpunte/Vertolkings hou verband met die Suid-Afrikaanse konteks en het dieselfde gesag as die IAS/IFRS'e en SIC/IFRIC'e.

Omsendbriewe: Die status van 'n omsendbrief word bepaal deur die doel waarvoor dit uitgereik is tesame met die inhoud daarvan.

Geopenbaarde konsepte: Hierdie dokumente het geen gesag op hulle eie nie omdat dit slegs uitgereik word om publieke kommentaar in te win.